

Gadamer, Von Rad en Kritzinger: om tot verstaan te kom

Pieter H.J. Labuschagne

Pieter H.J. Labuschagne, South African Theological Seminary (SATS)

Opsomming

In die loop van die vorige eeu het drie akademici 'n blywende bydrae tot hulle onderskeie akademiese velde gemaak ten opsigte van hermeneutiek. Hierdie artikel vergelyk die hermeneutiese insig van onderskeidelik 'n Ou Testamentikus¹, 'n filosoof en 'n sendingwetenskaplike. Hans-Georg Gadamer was een van die mees invloedryke filosowe van die laaste eeu. Sy eweknie in die Ou Testamentiese wetenskap was Gerhard von Rad, wat die koers van Ou Testamentiese studies radikaal verander het. J.N.J. Kritzinger is 'n eietydse sendingwetenskaplike wat in samewerking met ander by Unisa die sogenaamde praktykmatriks ontwikkel het as 'n benadering tot die bestudering van sendingwetenskap.

Die vertrekpunt is dat al drie 'n onontbeerlike bydrae gemaak het tot 'n verantwoorde omgang met hermeneutiek. Alhoewel Von Rad se fokus gerig was op die Ou Testament, Gadamer s'n op filosofiese hermeneutiek en Kritzinger s'n op sendingwetenskap, word dit duidelik dat al drie se benadering die mens se basiese vermoë tot verstaan as grondslag gehad het. Om die aansluiting wat hulle werk by mekaar vind te belig, word gekyk na sleutelbegrippe in Gadamer en Von Rad se bydraes en aangetoon hoe dit met Kritzinger se praktykmatriks korreleer.

Dit word gou duidelik dat Von Rad se siening van die kredo en die herinterpretasie van profesie aansluit by Gadamer se konsepte van spel en horisonversmelting. Beide plaas die klem op die mens se voortdurende bemoeienis met die proses van tot-verstaan-kom. In die wisselwerking tussen interpreteerder en die onderwerp van studie (hetsy dit persone of gebeure is) kom verstaan tot stand. Die praktykmatriks het presies dieselfde doel: om in gesprek te tree met 'n ander, sodat die dialoog tussen hulle tot beter verstaan lei.

Verstaan, as 'n natuurlike aktiwiteit van menswees, is 'n voortdurende proses waar gespreksgenote met mekaar in dialoog tree en tot verstaan kom, ongeag die navorsingsgebied waarmee hulle besig is.

Trefwoorde: kredo; Gadamer, Von Rad, Kritzinger; hermeneutiek; horisonne; horisonversmelting; praktykmatriks; profetiese reïnterpretasie; tot-verstaan-kom; verstaan

Abstract

Gadamer, Von Rad and Kritzinger: coming to understand

Understanding is a continual process in which every human being is constantly engaged. This article examines the notion of understanding by comparing some elements of the contributions of an Old Testament scholar, Gerhard von Rad, a philosopher, Hans-Georg Gadamer, and a missiologist, J.N.J. Kritzinger. Gadamer describes understanding as a personal, continual process. His metaphor of play and his concept of the fusion of horizons are compared with Von Rad's contributions on the repeatability and reinterpretation of confession (*credo*) and prophecy. In turn, the praxis matrix developed by Kritzinger and others is compared with the contributions of Gadamer and Von Rad to emphasise the continual process of understanding.

Often events from the past are seen as far removed from contemporary circumstances. Gadamer urges people not to shy away from this apparent chasm but to embrace it as a space filled with interpretative opportunity. The *Dasein*, the being-there of mankind, is what binds people together. Participation in life is what binds human beings to one another – irrespective of the spatial and temporal distance between them. Being human transcends culture, time, context and circumstances. Gadamer makes it very clear that understanding cannot be facilitated by external methods. Understanding is a process that continues and grows as we engage with it. This is a lesson in humility all hermeneuts should learn: the moment one thinks that you have grasped the truth, it seems to slip through your fingers again. The interpreter plays an important role in this process of coming to understand. Access to the past is limited and therefore the interpreter has to reconstruct that horizon as accurately as possible, while keeping the influences of his own horizon, prejudice and pre-understanding in mind.

Von Rad describes human understanding by referring to the *credo* which he identifies in Deuteronomy 26:5–9. These few verses summarise the whole of the Hexateuch. Throughout the history of Israel this *credo* is repeatedly reinterpreted and contextualised by God's people in new contexts. Connected to this is Von Rad's view of the reinterpretation of prophecy along the same lines: prophets drew on the acts of God in the past and reinterpreted and applied this knowledge to their contemporary circumstances.

What both Gadamer and Von Rad illustrate is the fact that each individual exists within a horizon, which is the background against which he or she comes to understanding. As the personal horizon develops and interacts with other horizons, the individual's ability to understand also develops. Through the process of personal engagement, the person understands better than before. This process is not only focused on the other's horizon; the interpreter also has to grow in self-understanding. Prejudice, pre-understanding and foreknowledge all contribute to or hinder the process of understanding. Some horizons are closely aligned while others are foreign to one another. Even though this influences the difficulty of interaction between the horizons, it does not alter the process of reciprocity. It is important to note that in both Gadamer's and Von Rad's minds this is not a methodical approach to understanding – it is a living, continual process of coming to understanding. The process of understanding is universal and is constantly happening, whether someone is deliberately engaged in the process, or whether it is happening subconsciously. Humans are constantly learning by taking things in, analysing, evaluating and responding to them.

Johannes N.J. Kritzinger is a South African missiologist and a former professor at the University of South Africa (Unisa). Since the late 1980s he has been involved with other missiologists from Unisa to develop what became known as the praxis matrix. This matrix is useful in either analysing or transforming communities. The advantage of the matrix is that it is not a rigid model, but a framework of engagement which facilitates the fusion of horizons. This not only places the matrix in the missiological sphere, but also sets it apart as a hermeneutical approach.

The matrix consists of seven elements which serve as touch-points between horizons. There is a cyclical dimension to the matrix, which emphasises the interchange that takes place between the different elements of the matrix. The elements of the matrix resonate well with the aspects of Gadamer's and Von Rad's hermeneutics that have already been mentioned. What follows is a brief summary of the elements of the praxis matrix within the context of notions as defined by Gadamer and Von Rad:

- Spirituality is the centre of the functioning of the matrix and sets the tone for the functioning of the rest. With its being a theological construct, it makes sense that spirituality is placed at the centre. This is the deliberate bias the developers of the praxis matrix decided on. It evaluates the spirituality of the missiological praxis under investigation.
- Agency is the aspect of the matrix where one identifies important role players who influence the process of understanding the past, current and envisaged contexts. The people involved in a context always have a profound influence on it.
- Contextual understanding is achieved by examining the role that the agents mentioned above play in the social, political, economic and cultural context. How these people interpret their own context should be a priority.
- Ecclesial scrutiny involves the examination of institutional influence and involvement in the community. The historical and current engagement of churches, organisations and charities should be examined to determine their influence and role. This closes the gap between the past and the present, as the historical ecclesial effectiveness is examined in its context.
- Interpretation of tradition has two main foci: tradition itself and interpretation of the Bible. One wants to evaluate how agents interpret tradition and Scripture within their context. The traditional stance taken has a strong influence on identity, agency and conviction.
- Discernment for action examines role players' contribution to the establishment of God's reign in their context. What is important here are the activities they engage in and the projects that they run. Are they succeeding in reaching the goals that they set for themselves?
- Reflexivity binds all the other elements together in the process of evaluating and integrating their contributions. It highlights aspects that need attention and that have to be reimagined. It also measures the efficiency of the whole process.

In conclusion we find that understanding is not something that is hidden and simply needs to be uncovered by some external method. The interpreter is not some expert that unlocks meaning mechanically and objectively from a distance. Understanding is a human process which requires involvement and interaction. It is a continual process without any well-defined end point. The process entails commitment and interaction between the respective

parties. They abandon themselves in the game of understanding. It is a discovery of both self and the other at the same time.

Horizons are explored and crossed with the purpose of effecting a fusion of horizons. This process is characterised by interpretation and reinterpretation – a reciprocal activity in which all parties participate, both as subject and object of the process of understanding. All aspects mentioned in this article play a role in establishing meaning. The praxis matrix lists seven aspects of engagement where the other is encountered. Naturally there are potentially more levels of encounter than these seven. Things like economics, politics, geography and level of education play a significant role, but the matrix does illustrate the hermeneutic principle sufficiently. When human beings engage in a process that facilitates understanding, they are confronted with other horizons, which requires them to make adjustments to their prejudice and pre-understanding. They are confronted with their own horizons and should make use of the opportunity to better understand themselves. The more self-understanding one has, the better the chances are of understanding others.

From examining the contributions by Von Rad, Gadamer and Kritzinger the conclusion is drawn that hermeneutics is a common human endeavour that forms part of being human; irrespective of the field from which one approaches it. Von Rad uses the credo and prophecy as principles to illustrate mankind's continual involvement in the creation of meaning. By interpreting, reinterpreting and applying truths to their own context, people come to understanding. Gadamer's analogy of play is a striking example of how the process of understanding requires a total surrender. One can remain an outsider, or be a spoilsport, when one participates in a game. One has to go all out. The same applies to understanding. It is only in an honest, transparent surrender to the exploration of horizons that a fusion of these horizons can become a reality.

Kritzinger's praxis matrix highlights the social necessity of mankind to connect with others. No human being can exist in isolation, and attempting to understand from the outside inwards is artificial and limited. The best way to understand is from the inside outwards, where one participates in a process of which one forms part. This reciprocal process demands commitment to the process. The better one understands the other, the better one gets to understand oneself.

To reflect on the past, to evaluate the present and to reach out to the future are all part of the continual process of coming to understand.

Keywords: coming to understanding; credo; fusion of horizons; Gadamer, Von Rad, Kritzinger; hermeneutics; horizons; praxis matrix; prophetic reinterpretation; understanding

1. Inleiding

Verstaan is 'n voortdurende proses waarmee elke mens deurentyd besig is. Hierdie artikel vergelyk die hermeneutiese insigte van onderskeidelik 'n Ou Testamentikus, 'n filosoof en 'n sendingwetenskaplike wat almal deur die loop van die vorige eeu 'n blywende hermeneutiese bydrae tot hulle onderskeie akademiese velde gelewer het. Die doel is tweeledig: eerstens dui

die uiteenlopendheid van hulle studieveld op die universele aard van verstaan; tweedens bied die raakpunte tussen hulle bydraes gemeenskaplike terrein om tot verstaan te kom.

Hier volg 'n paar inleidende opmerkings oor hoekom bogenoemde akademië gekies is, en die aspekte van hulle bydraes wat in die artikel vergelyk en bespreek word:

Walter Brueggemann (1960:ix–xiv) het geen geheim daarvan gemaak dat hy Gerhard von Rad gesien het as die mees invloedryke Ou Testamentikus van die 20ste eeu nie (sien ook Seitz 2007:22). Vir doeleindes van hierdie studie word die klem geplaas op twee van Von Rad se bydraes tot die interpretasie van die Ou Testament, naamlik: (i) die voortdurende herinterpretasie van die kredo² asook (ii) die herinterpretasie en toepassing van profesie in verskillende historiese tydperke en kontekste.

Gadamer se verwysings na (i) die versmelting van horisonne en (ii) die metafoer van spel³ resoneer goed met die bogenoemde aspekte van Von Rad se teologie. Hermeneutiek is volgens Gadamer 'n voortdurende proses waarmee die mens besig is. Dit is nie die ontdekking van vaste konsepte wat ontsluit moet word deur die regte metodes nie; verstaan is eerder die aktiewe produk van 'n proses waaraan die mens homself volledig oorgee.

Gedurende die laaste paar dekades het Johannes N.J. Kritzinger en ander by Unisa 'n sogenaamde praktykmatriks ontwikkel wat ook bekend staan as die pastorale sirkel. Kritzinger word uitgesonder weens die prominente rol wat hy gespeel het in die ontwikkeling, verfyning en toepassing van die praktykmatriks. Die praktykmatriks is uiters geskik as 'n navorsingsmodel in die sendingwetenskap en vir sosiale ontleding. Dit bied egter ook 'n baie effektiewe, praktiese uitdrukking van *Dasein* (Heidegger 199:49–58). Die essensie van menswees word belig deur die verskillende aspekte van die praktykmatriks, wat later in die artikel bespreek word. Die matriks weerspieël die mens se praktiese deelnemende hermeneutiese bewussyn.

2. Hans-Georg Gadamer (1900–2002)

Gadamer – ongetwyfeld een van die mees invloedryke filosowe van die afgelope eeu – het dit duidelik gestel dat verstaan 'n persoonlike, deurlopende proses is. Sy metafoer van spel is die ideale analogie om hierdie proses te verduidelik (Gadamer 2014:106–22; Vilhauer 2010:53–5). 'n Spel veronderstel spelers wat hulleself oorgee aan die spel. Wanneer hulle so verdiep raak in die spel dat hulle daarin verlore raak en tred verloor met alles wat buite die spel om gebeur, kom spel waarlik tot sy reg. Die spelers is nou nie meer subjekte wat die objek van die spel hanteer nie – hulle word deel van die spel (Ryall, Russell en Maclean 2014:75–84).

In dieselfde trant vind verstaan plaas wanneer iemand so opgeneem word in die proses van verstaan dat hy of sy deel word daarvan. So iemand staan nou nie meer teenoor verstaan as objek nie, maar speel self 'n rol in die totstandkoming van verstaan. Die spel word nie gespeel net ter wille van pret nie, maar is ook ernstig. Dit is juis hierdie erns in spel wat dit volledig speel maak. Wanneer spelers nie volgens die reëls speel nie en hulself nie wil oorgee aan die spel nie, maak hulle dit onaangenaam vir al die ander deelnemers. Hulle is dan spelbederwers wat keer dat die spel vlot (Gadamer 2014:107; Schmidt 2000:52).

Verstaan kom tot volvoering deur jouself oor te gee aan, en deel te word van, 'n aktiewe proses. Gebeure uit die verlede staan dikwels ver verwyderd van die moderne interpreteerder in tyd en ruimte – daar is 'n skeiding tussen hulle. Hierdie skeiding kan soms, in Lessing (Steinbach 2007:4,6) se terme, voorkom as 'n aaklige, breë kloof (“ein garstiger, breiter Graben”), wat skeiding en verwydering tussen die toe en die nou meebring. Gadamer (2014:308) voer aan dat hierdie skeiding juis nie meer gesien moet word as 'n aaklige kloof wat die hede van die verlede skei nie. Hy beklemtoon eerder die onskatbare waarde van dit wat in die kloof lê: hierdie kloof tussen die toe en die nou is gevul met historiese verstaan en interpretasie. Mense se toewyding aan die proses om die teks uit die verlede te verstaan vind nie in 'n lugleegte plaas nie. Daar is 'n rykdom van historiese verstaan en interpretasie wat tussen die teks uit die verlede en die moderne interpreteerder lê en wat mense aan mekaar verbind (Gadamer 2014:302–10).

Menswees, die hier-wees, is wat mense oor tyd en ruimte saambind; mense se geworpenheid in hierdie wêreld en hulle deelname aan die lewe self bind hulle aan die hede, die verlede en die toekoms (Odenstedt 2017:17–20). Menswees styg uit bo kulture, tyd, kontekste en omstandighede. Die lewe is 'n horison van ervaring en gebeure wat bydra tot wie ons is, hoe ons bestaan en hoe ons tot verstaan kom. Sonder hierdie verbande kan geen mens bestaan nie. Mense se vooroordele en voorkennis word hierdeur gevorm, net soos die vooroordele en voorkennis hulle weer vorm as mense.

Ervaring, en veral negatiewe ervaring, is volgens Gadamer (2014:xii–xiii) die beste leerskool (Di Cesare en Keane 2013:105; Grondin en Plant 2014:117–8). Die honger baba huil, en in reaksie voed die ouers hom; die jong kind brand sy hand op die stoofplaat en leer om dit nooit weer te doen nie; bietjie vir bietjie leer mense deur hulle interaksie met die lewe. Hulle kom gou agter wat mense goedkeur en wat hulle afkeur. So groei mense in hulle kennis en verstaan – soms bewustelik en meermale onbewustelik. Hulle leer om die lewe te interpreteer en te verstaan, maar méér nog, hulle leer hoe om tot verstaan self te kom.

Dit is binne hierdie konteks dus verstaanbaar dat Gadamer (2014:xx, 3–7) nie geglo het dat die waarheid deur eksterne metodes ontdek kon word nie (Nixon 2017:44–52); waarheid is nie iets wat onafhanklik van tyd, ruimte of omstandighede in die teks verborge lê om maar bloot deur sekere metodes ontbloot te word nie. Die term *Verstehen* (sien Protevi 2005:234–5; Grondin 1994:124; Malpas, Arnsward en Kertscher 2002:39, West 1988:121) was vir Gadamer meer as net 'n naamwoord – dit was 'n werkwoord, 'n handeling, 'n proses van tot-verstaan-kom. Met al hulle ervaring (of gebrek daaraan) gee mense hulself oor aan 'n voortdurende proses van verstaan, wat net soveel afhang van hulself as wat dit afhang van die teks (Gadamer, Malpas, Arnsward en Kertscher 2002:142). 'n Mens se geworpenheid in hierdie wêreld, jou bestaanshorison, jou persoonlike voorkeure – dit alles dra by tot en beïnvloed die proses van tot-verstaan-kom (Costache 2017:33, 40–6).

Daar was egter diegene wat van Gadamer verskil het en aangedring het daarop dat interpretasie en verstaan 'n objektiewe aktiwiteit is wat buite die interpreteerder om geskied. Hiervolgens moet die teks tot verhaal gebring word en die oorspronklike betekenis daarvan ontbloot word – sonder die invloed van die self van die leser. Een voorbeeld van iemand met hierdie teenoorgestelde siening was Emilio Betti. Hy het hermeneutiek gesien as 'n normatiewe, estetiese aktiwiteit wat reëls en beginsels neerlê om die objektiwiteit van die metode te verseker (aangehaal in Di Cesare en Keane 2013:189–90). Die konteks, omstandighede en karakters vanuit die teks moet die verstaan en interpretasie van die teks lei

en moontlik maak. Hierdie oorspronklike betekenis is die basis van alles, waarvolgens lesers dan toepassings vir hulle eie leefwêreld kan maak.

Eric Donald Hirsch, 'n Amerikaanse literêre kritikus, het Gadamer daarvan beskuldig dat hy betekenis so gedestabiliseer het dat taal alle eienskappe van permanensie en stabiliteit verloor het. Vir Hirsch word betekenis vasgelê deur die outeur en daarom is betekenis onveranderlik. Waar Gadamer nie 'n onderskeid getref het tussen betekenis en toepassing nie, was dit uiters noodsaaklik vir Hirsch om die onderskeid te behou (aangehaal in Lawn 2012:127–8). Hirsch het Gadamer daarvan beskuldig dat hy nie die moontlikheid in ag geneem het dat dialoog vervorm en verwing kon word nie.

Jürgen Habermas het weer 'n ander benadering gehad. Sy kritiek op Gadamer het berus op die verskille tussen “rede” en “dialoog” (128–9). Vir Gadamer was deursigtige kommunikasie altyd moontlik (sien Wierciński 2011:631).

'n Laaste voorbeeld van kritiek teen Gadamer is dié afkomstig van Paul Ricoeur. Gadamer sien alle diskoers as 'n produk van dialoog tussen mense wat aan mekaar verbind is deur hulle menswees. Ricoeur sien diskoers as meer gekompliseerd as blote gesprek: dit is harde werk wat 'n driedubbele afstand tussen interpreteerder en teks moet oorkom (aangehaal in Simms 2015:122).

Gadamer reageer op hierdie kritiek en voer aan dat die enigste manier om hierdie sogenaamde onveranderlike waarheid te ontdek is om die oorspronklike konteks en omstandighede te rekonstrueer. Om iets egter te *re*-konstrueer, beteken om dit wéér te konstrueer soos dit eens was. Maar ons weet nie hoe dit was nie; ons was nie daar nie; ons het nie 'n beskrywing daarvan nie. Ons het slegs toegang tot eksterne faktore wat ons interpreteer en gebruik om die mees waarskynlike konteks te konstrueer. 'n Ander konteks kon egter net so goed moontlik gewees het (Gadamer, 2014:163–77; Odenstedt 2017:15–6, 45). Dit kan vergelyk word met 'n poging om 'n legkaart te probeer bou sonder om vooraf die prent te sien.

Hermeneutiek is 'n les in nederigheid: sodra die hermeneutikus dink hy weet presies wat gebeur het, daag iets anders hom uit tot retrospeksie (Caputo en Janssen 2007:258; Kearney 2011:xv). Die enigste aanname wat 'n mens kan maak, is dat jou konstruksie van die konteks uit die verlede die beste is waartoe jy kan kom met jou huidige kennis. Soos die legkaart groei, kan jou siening verander. Jy kan skielik besef dat 'n groepie legkaartstukke wat jy aanmekaar gesit het, in werklikheid onderstebo is. As dit omgedraai word, ontstaan daar skielik nuwe perspektief.

Omdat niemand meer direkte toegang het tot die verlede en die konteks daarvan nie, is pogings om die mees waarskynlike konteks te rekonstrueer deels op spekulاسie en raaiskote gebou (Gadamer 2014:164–8). Niemand uit die vergange konteks kan so 'n siening bevestig of ontken nie, omdat hulle nie meer leef nie. Geen poging om die verlede te rekonstrueer – hoe noukeurig jou navorsing ook al is – kan ooit as totaal gesaghebbend gesien word nie. Die rekonstruksie van die verlede bly in wese 'n subjektiewe konstruksie en skepping wat potensieel gefalsifiseer kan word; in die geheel of ten minste gedeeltelik.

Vir Gadamer was dit daarom ondenkbaar om slegs die teks te laat praat en die interpreteerder van die proses van interpretasie uit te sluit (Gadamer 2014:307; 405–21; Costache

2017:127–8). Die mens leer verstaan deur assosiasie en ervaring binne ’n spesifieke konteks. Die persoon se eie horison speel ’n belangrike rol in die verstaansproses en in die vorming van sy of haar menswees. So was dit ook met persone uit die verlede. Dit is juis die feit dat die mense opgeneem word in hulle geworpenheid in hierdie wêreld wat hulle tot verstaan laat kom (Gadamer 2014:262–4). Die interpreteerder speel ’n uiters belangrike rol in die interpretasie- en verstaansproses (Gadamer 2014:302–7). Nie net die konstruksie van ’n konteks vir die gebeure uit die verlede nie, maar ook die interaksie met die teks vanuit ’n eie horison is die vrugbare grond wat verstaan moontlik maak.

3. Gerhard von Rad (1901–1971)

Von Rad (2001:xiv-xv; 122; 136; 296) se identifisering van die kredo in Deuteronomium 26:5–9 illustreer op sy beurt dieselfde verstaanswerklikheid as wat ons hierbo by Gadamer aangetref het. Vir Von Rad het die kredo ’n eindelose openheid gehad wat in ’n altyd wisselende vorm tot uitdrukking gekom het en wat gedien het as die basismateriaal vir die Ou Testament in sy geheel. Dit was ’n geloofsbelydenis oor Jahwe se daede in voortdurend veranderende kulturele kontekste. Alhoewel Von Rad nie uitgebrei het op die besonderhede van die kontekste waarin die belydenis tot uitdrukking gekom het nie, het hy wel aangedui dat dit ’n voortsetting van hulle geloof was vir hulle kinders (Deut. 6:20–4); dat dit ’n bevestiging was dat die land aan Jahwe behoort het (Deut. 26:5–9); en dat die God van die kredo anders was as die gode oorkant die rivier (Jos. 24:1–13). Die kredo was ’n eietydse uitdrukking van waarheid in teenstelling met mededingende aannames tot waarheid (sien Brueggemann 2001:xiv).

Alhoewel *kredo* ’n gepaste woord was om Israel se geloofsbelydenis te beskryf, sluit dit ook eienskappe van uitdagende, openbare identifikasie in wat nie sonder risiko’s is nie. Von Rad se gebruik van die term *kredo* in 1938 moes sekerlik herinneringe oproep het aan die Barmen Teologiese Verklaring van 1934. Die Deutsche Christen-beweging het die kerk ondergeskik gestel aan die staat en Nazi-ideologie in Protestantse kerke ingebring. Tydens die Sinode van Barmen in Mei 1934 het Christene in Nazi-Duitsland moedig hulle geloof in opstand teen die Nasionaal-Sosialisme (Douglas 1988; Wright, Ferguson en Sinclair 1988:76) bely. Wat opvallend was, was dat ook Barth, een van Von Rad se tydgenote, in 1935 ’n eksegeese van die Apostoliese Geloofsbelydenis gedoen het, getiteld “Credo”. Dit het op ’n uitdagende wyse die kerk bo die owerhede gestel.

Von Rad se skrywe oor Israel maak dit baie duidelik dat hierdie volk van die begin af ’n radikale gemeenskap was wat hulle geloof onbeskaamd uitgeleef en verdedig het in gesprek met dominante godsdienste en kulture waarmee hulle in aanraking gekom het. Von Rad se teologie bevat drie eienskappe wat uit Barth se hermeneutiek vloei:

1. Die belangrikste vorm van teologiese uitdrukking was die narratief. Die kredo was so ’n verhaal wat ’n hervertelling was van wat vroeër gebeur het.
2. Die materiaal wat agter die ontwikkeling van die Heksateug gelê het, was vir Von Rad méér as blote narratief. Hy het dit gedefinieer as aktiewe narratief wat luidkeelse, openbare uitdrukkings was van Israel se geloof in teenstelling met die aannames van ander gelowe. Die kredo was nie ’n dokument nie, maar ’n belydenis wat risiko’s ingehou het vir diegene wat bereid was om hierdie belydenis af te lê. Die aard van die

kredo was sodanig dat dit toekomstige geslagte nie toegang gegee het tot die magtige daade van die verlede nie, maar eerder tot die getuienisse aangaande hierdie daade. Die openbaring van die Ou Testament is daarom altyd openbaring-as-getuienis. Hierdie siening was 'n fundamentele eienskap van Von Rad se teologie.

3. Von Rad verwerp die siening dat Israel se belydenis 'n vorm van universele rede was en verkies 'n histories-kritiese benadering tot die verstaan daarvan. Dit was hierdie aanname van Von Rad wat hom gebrandmerk het as 'n belydende, gelowige teoloog, wat hom die kritiek op die hals gehaal het van sommige geleerder, wat geglo het dat interpreteerders niks met belydenis te doen moes hê nie. Von Rad se verweer was dat hy bloot die belydenisse van Israel weergegee het wat duidelik in die teks teenwoordig was. Tog is daar 'n element van die belydende aard van die Barmenkerke in die 1930's wat prominent was in die tyd toe Von Rad hierdie uitsprake gemaak het. Ons kan nie anders as om Von Rad se aannames te lees teen die agtergrond van sy tyd nie.

Von Rad se teologie weerspieël sy persoonlike belydenis, wat gebaseer was op die oorsprong van die narratiewe belydenis van die teks. Eienskappe van historiese kritiek wat hy behou het, het ingesluit meervoudigheid en dinamiek, asook relativisme. Sy grootste teologiese prestasie was om die vryheid van die historiese kritiek en die gravitas van narratiewe belydenis met mekaar in verband te bring (Brueggemann 2011:xv–xvi).


Hierdie paar verse van die kredo in Deuteronomium 26:5–9 som die hele Heksateug in 'n neutedop op (Sweeney en Ben Zvi 2003:242). Deur die loop van Israel se geskiedenis gryp mense herhaaldelik terug na hierdie belydenis en versterk dit hulle geloof en vertroue (Boda en Evans 2017:9–26). Wat merkwaardig is, is dat hulle nooit die kredo bloot in sy geëkte vorm herhaal nie. Een voorbeeld hiervan is dat die Sinaï-gebeure, wat die middelpunt is van die Pentateug-weergawe in Deuteronomium 26, glad nie in ander weergawes van die kredo ingesluit word nie – behalwe in die eksiliese en latere weergawes (sien Neh. 9; Koopmans 2009:322–3, 443; Boda 2012:22–3). Die kredo word nie gebruik as 'n herinnering aan God se genade in die verlede nie – nee, die kredo word 'n teenswoordige bron van hoop in hulle eie tyd. Nuwe generasies gryp terug na die skadu's van God se genade en pas dit in hulle eie tyd en omstandighede toe om hoop en uitkoms te bring.

Hierdie hervertolking en aanpassing van die kredo in hulle eie tyd moenie gesien word as 'n verdraaiing van die kredo nie, maar juis as 'n bevestiging en 'n herkontekstualisering daarvan. Latere generasies se verstaan van God se betrokkenheid by hulle voorvaders lei tot 'n verstaan dat God ook vir hulle daar is. Net soos God toe gewerk het, werk God ook nou. Net soos God hulle toe verlos het van hulle unieke omstandighede, sal God dit nou weer doen – ongeag die omstandighede.

Von Rad (2001:xxiii; 135) se siening dat herhaalde siklusse van vervulling moontlik is in profesie, resoneer met die voorgaande (Seitz 2007:22–3; 123–5). Een van die duidelikste voorbeelde hiervan in die Ou Testament is die messiaanse tekste. 'n Profesie wat 3 000 jaar tevore gegee is aan mense in 'n desperate situasie, sou tog van min waarde wees as hulle bloot daaruit verstaan het dat 'n Messias 1 000 jaar later tot hulle redding sou kom. Die profesie is juis vir hulle verlossing aan hulle gegee en is in hulle tyd vervul. Latere generasies wat ook moeilike omstandighede in die gesig gestaar het, het teruggekyk na God se getrouheid in die verlede en hulle geloof in God opnuut bely. Hulle het opnuut erken dat hulle van God afhanklik is en geen hoop het sonder God nie. Daarom bely hulle hulle geloof

en interpreteer die beloftes uit die verlede opnuut in hulle situasie. Die ervaring hiervan is so eg dat hulle die profesie uit die verlede sien as beduidend vir hulle eie tyd en omstandighede (O'Brien 2009:18).

Later in die Nuwe Testament, en selfs weer daarna, kyk Christene terug na messiaanse tekste en interpreteer dit as profetiese woorde wat vir hulle bedoel is. Nuwe Testamentiese outeurs gaan selfs so ver om te sê dat hierdie profesieë gegee is as vooruitskouings van Jesus se koms. En dit is wat Von Rad (2001:298–300; 407–9) probeer uitwys: profesie het 'n wyer impak as die oorspronklike konteks waarin dit ontstaan het. Die eerste ontvanger ervaar die profesie as sinvol in sy tyd; net so met die daaropvolgende generasies wat die profesie vir hulleself toe-eien en die lesers in latere tye wat dit ervaar as God se Woord vir hulle (Lind 2015:183–4). Hierdie verduideliking van Von Rad kan soos volg grafies voorgestel word:



Figuur 1. Profetiese hervervulling

Wat duidelik na vore kom in Gadamer (2014:278–317) en Von Rad (2001:257–8; 322–3; 369–72; 422) se bydraes is die besef dat elke individu deel uitmaak van 'n bestaanshorison waarbinne hy of sy voortdurend tot verstaan kom. Die veranderlikheid van horisonne daag die mens uit tot ander verstaanswerklikhede. Op 'n gegewe moment kan 'n individu besef dat sy of haar vroeëre verstaan uitgedaag word deur die veranderlikheid van die persoonlike horison. Groei het plaasgevind; die individu se horison het verbreed; omstandighede het verander; ervarings het sy of haar oë oopgemaak vir iets wat nie vroeër raakgesien is nie. Hierdie dinamiese proses van verstaan waarby die interpreteerder betrokke is, moet aangemoedig word.

In die lig van die veranderlikheid van horisonne kan met reg gevra word of die individu altyd beter verstaan as voorheen (Gadamer 2014:307; Warnke 2013:96; Costache 2017:123). Dit is moontlik dat daar 'n beter vlak van verstaan tot stand gekom het van die konteks en agtergrond waarteen gebeure afgespeel het, of dat iemand die tussenspel van verskillende interpretasies aangaande die gebeure beter verstaan. Die werklikheid is egter dat verstaan vloeibaar en dinamies is en die mens dus nooit 'n punt kan bereik waar hy of sy volledig verstaan nie. In die lig van die voorgaande sou 'n beter vraag gewees het of die individu gegroei het as wese, en of sy of haar verstaan gegroei het. Het persoonlike ervarings die individu uitgedaag om vorige sieninge en verstaansmoontlikhede te bevraagteken? Is sy of haar verstaan ter sake en maak dit 'n verskil?

Hoe beter 'n mens jouself verstaan, hoe beter kan jy ander verstaan. Hoe meer bewus jy is van jou eie vooroordele, voorkennis en voorverstaan (Gadamer 2014:278–317; 568–75; Gadamer en Palmer 2007:371), en hoe eerliker 'n mens daarmee omgaan, hoe beter jou kans om tot verstaan te kom. Sommige interpreteerders beweer dat hulle objektief is en alle vooroordele, voorkennis en voorverstaan opsy skuif wanneer dit by interpretasie kom. Gadamer (2014:x–xxiv) wys daarop dat hierdie benadering juis die persoon se vooroordeel is. 'n Mens se eie horison en ervaring moet nooit gesien word as 'n struikelblok tot verstaan nie, iets wat die waarheid versteur en vermy moet word nie. Inteendeel, dit dien as 'n verwysingsraamwerk waaraan die waarheid vasgemaak kan word (Gadamer, Malpas, Arnsward en Kertscher 2002:315–6). 'n Mens is altyd besig om te interpreteer en te verstaan. Descartes was reg toe hy gesê het: “Cogito, ergo sum.” Die oomblik wanneer interpretasie, assosiasie en verstaan tot 'n einde kom, stagneer die mens en begin hy of sy agteruitgaan.

Soms is die raakpunte tussen horisonne so duidelik en is die oorvleueling so pertinent dat verstaan bykans onbelemmerd plaasvind. By ander geleenthede kan die lens van iemand se horison so verduister wees dat die lig van die waarheid nie kan deurbreek nie. In hierdie voortdurende proses van verstaan is dit nie die waarheid (as absolute entiteit) wat verander nie; dit is die mens se horison wat verander. Hoe meer mense bewus is van hulle eie horisonne en die vooroordele wat dit meebring, hoe beter kan hulle dit in berekening bring in hulle proses van verstaan (Gadamer 2014:283–90). Soms dwing die eise van verstaan 'n mens om jou eie vooroordele en voorverstaan totaal te verwerp; in ander gevalle word dit bekragtig (Koch en Vallgård 2008:163–4). Hoe dit ook al sy, is dit noodsaaklik om voortdurend te worstel met die waarheid en sin daarvan te maak teen die agtergrond van die individu se eie bestaan.

Paulus het verbete sy geloof in God verdedig – selfs deur gewelddadig teen Christene op te tree (Hand. 7:58; 8:3; 9:1–2; 22:4; 26:10; 1 Kor. 15:9; Gal. 1:13; Filip. 3:6; 1 Tim. 1:13). Vanuit die perspektief van sy eie horison was die waarheid klokhelder: hy moes teen die ketters optree. Hierdie onwrikbare oortuiging is egter op sy kop gekeer toe hy onverwags vir Jesus ontmoet het op die pad na Damaskus (Hand. 9:1–9). Sy verstaan van gebeure het verander; sy ingesteldheid het verander; sy missie het verander. Dit is byna soos iemand wie se oortuiging oor die sondigheid van selfdoding tot rekenskap geruk is deur die selfdoding van 'n rolmodel. So 'n gebeurtenis kan 'n mens tot insig roep en uitdaag om weer te dink oor die saak. Die *feite* aangaande selfdoding het nie verander nie; die *verstaan* daarvan het egter 'n nuwe dimensie bygekry wat tot dieper nadenke en insig gelei het. Die horison en verstaan van die saak word omver gewerp in 'n konfrontasie met hierdie negatiewe ervaring. Dit kan iemand dwing om anders na selfdoding te kyk. 'n Mens se eie voorkeure en vooroordele kan skielik in rooi hoofletters op die voorgrond tree, en moet dan aangespreek word.

Beide Von Rad en Gadamer se bydraes aangaande die proses van tot-verstaan-kom en interpretasie is van onskatbare waarde. Dit is nie sinvol om na hulle model of metode te soek of om hulle benadering te sien as net nog 'n manier om hermeneutiek te benader nie. Hulle bied baie meer: hulle soek nie na hoe hermeneutiek werk nie, maar na hoe *verstaan* werk. Hulle wys daarop dat alle mense, in alle tye en in alle kontekste, deurgaans besig is om te ondersoek, te ondervra, gebeure op te weeg, te interpreteer en te poog om te verstaan. Gadamer en Von Rad belig die konsep van verstaan en interpretasie wat deel uitmaak van menswees (Horn 2017:14–8).

Die proses is universeel en geskied ongeag of die mens daarvan bewus is of nie. Of die mens doelbewus daarna strewende om te verstaan en of hy of sy onbetrokke deur die lewe gaan, maak nie 'n verskil nie. Dit is die proses van vergelyking, interaksie, interpretasie en sintese wat deel uitmaak van menswees wat die grond is vir oorlewing. Of die mens nou besig is met verstaan van gebeure uit die verlede en of hy of sy sin probeer maak van die hede, die proses van verstaan bly dieselfde. Selfs die mens se potensiaal om in die toekoms te verstaan word nou reeds gevorm.

Horisonne is komplekse wêreldes wat deur tyd, ruimte, taal, kultuur, ideologie of enige kombinasie daarvan geskei kan word. Wat wel sentraal staan in alle horisonne is dat dit deel uitmaak van menswees en nie sonder die mens kan bestaan nie. Om te verstaan en te kan kommunikeer oor hierdie grense heen, behels in gelyke mate 'n verstaan van die self en 'n verstaan van die ander. Dit lei tot sinvolle verstaan van gebeure waarmee en mense met wie ons in kontak kom.

4. Johannes Nicolaas Jacobus Kritzinger (1950–)

Johannes N.J. Kritzinger was een van die toonaangewende Suid-Afrikaanse sendingwetenskaplikes die afgelope halfeeu (Saayman, James en Botha 2009:4). Tinyilo Maluleke (2009:9) het 'n groep van vyf akademië uitgesonder wat bygedra het tot die hoë status van sendingwetenskap by Unisa, in Suid-Afrika en wêreldwyd, naamlik: David Bosch, Inus Daneel, Willem Saayman, Bongani Mazibuko en Johannes N.J. Kritzinger. In 'n spesiale uitgawe van *Missionalia* wat in November 2009 uitgegee is ter viering van Kritzinger se 60ste verjaardag, het die artikels op twee temas gefokus: onderrig en ontmoeting. Hierdie temas is 'n direkte weerspieëling van Kritzinger se opvoedkundige praktyk.

Kritzinger se betrokkenheid by Unisa het in die laat 1970's begin toe hy as student aangestel is om opsommings te skryf vir artikels wat in *Missionalia* gepubliseer is. Daarna het hy gedien as junior dosent, hoof van die Departement Sendingwetenskap, dekaan van die teologiese fakulteit en redakteur van *Missionalia*. Dit is duidelik dat hy nie net 'n student van David Bosch was nie, maar ook professioneel in sy voetspore gevolg het (Saayman, James en Botha 2009:4). Nico Botha (2009:8) wys daarop dat Kritzinger altyd die balans tussen kerk, akademie en gemeenskap behou het en dat mense uit al hierdie fasette van die lewe voordeel getrek het uit sy bykans ensiklopediese kennis oor 'n wye spektrum van sake, sy kreatiwiteit en sy diep toewyding en oorgawe aan die Christelike geloof.

Sy eerlikheid en integriteit in die omgang met ander het soms tot kontroverse gelei en hom gemarginaliseer. Dit het hom egter nooit van stryk gebring of hom laat afsien van die hoë premie wat hy geplaas het op die waarde van dialoog en ontmoeting in die sending nie. Hy was van die begin af geïnteresseerd in swart teologie en sending asook in die teologies-sendingwetenskaplike vrae aangaande die ontmoeting tussen godsdiens en gelowe. Hiermee saam het interkulturele kommunikasie 'n belangrike rol gespeel in sy beskouing van die sendingwetenskap (Botha 2009:8).

Kritzinger het reeds vroeg begin eksperimenteer met die pastorale siklus van Holland en Henriot (1982) en die hermeneutiese sirkel van J.L. Segundo (1976:7–38). Hierdie inisiatief het in later jare gelei tot die ontwikkeling van die Siklus van Sendingpraktyk (Cycle of

Missionary Praxis; wat in hierdie artikel praktykmatriks genoem word) – die belangrikste metodologiese instrument van Unisa se Departement Sendingwetenskap (Saayman 2009:15). Vanweë sy vernuwende benadering en sy instink om altyd *saam* met ander te werk, het Kritzinger belangrike veranderinge teweeg gebring in die totale pedagogiek van sending by Unisa. Hy het inderdaad ’n blywende nalatenskap by Unisa gelaat (Saayman 2009:16).

Sedert 2004 het Kritzinger in toenemende mate gepubliseer. Twee artikels wat sy denke oor die praktykmatriks duidelik stel, was “Reconciling encounters in Luke-Acts: a South African missional interpretation” (2009) en “Faith to faith – missiology as encounterology” (2008). In die eersgenoemde artikel het hy sy denke oor die siklus baie duidelik uitgewerk. Hy het daarop gewys dat sending, as God se sending, ’n veeldimensionele karakter het en hy het gefokus op sending as praktyk: die integrasie van teorie en praktyk, van dink en doen. In die ander artikel gebruik hy die siklus om die konsep te verduidelik van sending as intergodsdienstige praktyk, met ontmoeting as vertrekpunt. Hierdie twee artikels spel duidelik sy passie uit vir onderrig en ontmoeting, en hoe hierdie twee konsepte saamgebind is (Saayman 2009:19).

Madge Karecki (2009:35) maak geen geheim van die invloed wat Kritzinger gehad het op die sendingwetenskap deur sy publikasies, navorsing en lesings nie. Karecki erken openlik dat Kritzinger se seminale insigte in die betekenis van ontmoeting vir die sending die basis was vir die ontwikkeling van haar eie Cycle of contemplative missional encounter.

Dit is teen die agtergrond van die voorgaande dat David Bosch en ander lede van Unisa se Departement Sendingwetenskap (onder wie Inus Daneel, Willem Saayman, Johannes N.J. Kritzinger, Nico Botha and Steve Hayes) ’n 14-punt-tabel opgestel het wat ’n opsomming was van die sewe modelle van sendingwetenskaplike navorsing wat hulle tot op daardie stadium geïdentifiseer het (Saayman 1992; Kritzinger 1995). Kritzinger se navorsing oor Holland en Henriot se 4-punt pastorale siklus het daartoe bygedra dat die 14-punt-tabel vereenvoudig is tot ’n vyfpuntsiklus van sendingpraktyk (Karecki 2005), wat op sy beurt weer uitgebrei is tot ’n 7-punt-praktykmatriks (Kritzinger 2008). Hierdie matriks kan help om ’n mens se eie, onmiddellike konteks te transformeer of om die transformasiepraktyk van ’n ander individu of groep te verstaan. Dit is laasgenoemde kenmerk van die matriks wat dit relevant maak vir hermeneutiek.

Dit is moontlik om die matriks as net nog ’n ontledingsinstrument te sien en te gebruik. Wanneer ons egter die matriks in verband bring met die voorafgaande bydraes van Gadamer en Von Rad, word dit baie meer as net ’n model van sosiale ontleding. Dit móét meer word om tot volle uitdrukking te kom; om ’n ontmoeting met ander te bewerkstellig. Die matriks word ’n brug wat die grense van verskillende horisonne oorsteek en hulle aan mekaar verbind. Die konfrontasie tussen horisonne lei daartoe dat daar geen voorspelbare uitkoms vir hierdie proses bestaan nie. Die self en die ander staan ewe kwesbaar voor die proses wat hom afspeel in hulle wedersydse ontmoeting. Hulle leer by mekaar in ’n voortdurende selfoorgawe aan die proses van verstaan.


Alhoewel die praktykmatriks as sendingmodel ontwikkel is, het dit ongetwyfeld hermeneutiese waarde wanneer dit teen die agtergrond van Gadamer en Von Rad se bydraes gesien word. Net soos met Gadamer en Von Rad se hermeneutiek, moet die sewe aspekte van die matriks nie gesien word as stappe binne ’n rigiede metode nie, maar eerder as elemente van die natuurlike proses van die mens se tot-verstaan-kom. Hierdie realiteit word

onderstreep deur Kritzinger (2002:144–73) se opmerking dat daar nie ’n vaste beginpunt en volgorde is in die gebruik van die matriks nie, en dat al die elemente ook nie altyd relevant is nie.

Voldoende aandag moet geskenk word aan relevante aspekte van die matriks om die self, die ander en die wisselwerking tussen hulle te verstaan. Die matriks nooi deelnemers uit om deurentyd aanpassings te maak ten opsigte van hulle eie vooroordeel, voorverstaan en interpretasie van gebeure. Die sikliese aard van die matriks is daarom onontbeerlik: dit beklemtoon verstaan as ’n wisselwerkende proses wat horisonversmelting tot gevolg het. Die fokus van die praktykmatriks vir sending is nie daarop gerig om iets te doen vir ander nie – dit is meer daarop gefokus om saam met mense te stap. Kritzinger (2002:159) beklemtoon die feit dat die matriks ’n vorm van gemeenskaplike hermeneutiek is. Die gemeenskap van gelowiges is die epistemologiese grond vir goeie sendingpraktyk.

Die feit dat spiritualiteit in die sentrum van die matriks geplaas is, maak die vooroordeel eie aan hierdie benadering duidelik: dit is nie ’n sosiaal-wetenskaplike, antropologiese of sosiologiese model nie, maar ’n spirituele geloofsoefening. Die matriks het religieuse verstaan ten doel. Die matriks se uitgangspunt is dié van spirituele wesens wat die lewende God dien en tot God se eer tot verstaan wil kom. Vir Christene is dit een vooroordeel of vaste uitgangspunt wat nie onderhandelbaar is nie: spiritualiteit rig ons gedagtes en ondersteun (of beperk) ons vermoë om tot verstaan te kom.

Die diepgaande proses wat onderliggend is aan die matriks verteenwoordig ’n ontmoeting en beskrywing van die sendingpraktyk van ’n ander persoon of groep. Dit is in wese ’n hermeneutiese oefening wat verstaan as grondslag het. Kritzinger en Saayman (2011:4) beeld die matriks soos volg uit:



Figuur 2. Praktykmatriks

Die praktykmatriks is deur sendingwetenskaplikes by 'n universiteit ontwikkel, met die volgende doelwitte: om Christene te mobiliseer om saam te werk vir gemeenskapstransformasie; om die transformerende praktyk van 'n ander persoon of groep te ondersoek; en om as navorsingsinstrument gebruik te word om 'n sendingverwante praktyk te ondersoek. Tog is die matriks méér as 'n sendingmodel of -instrument. Dit strek wyer as sendingwetenskap; dit is meer as net 'n metode wat gebruik word; dit verteenwoordig eerder 'n volwasse Christelike ingesteldheid om by die wêreld rondom ons betrokke te wees (Kritzinger 2002:159–60). In hierdie sin is die matriks 'n eggo van Gadamer en Von Rad se hermeneutiek.

Om bogenoemde te vermag, moet 'n paar eienskappe van die matriks beklemtoon word, naamlik: daar bestaan 'n interafhanklikheid en 'n wisselwerking tussen die aspekte van die matriks; geen dimensie is belangriker as 'n ander nie; die volgorde van die verskillende aspekte kan wissel; daar is geen vaste beginpunt of eindpunt nie; nie al die aspekte hoef gebruik te word as dit nie nodig is nie; alle aspekte moet deurentyd verbind bly aan die aspek van spiritualiteit.

Die proses wat deur die matriks gefasiliteer word, help mense om hulself en die ander te verstaan. Daar vind 'n horisonversmelting plaas waarby beide partye 'n rol speel (Ryall e.a. 2014:68, 79). In dieselfde mate as wat mense die matriks as 'n lens gebruik om iets te ondersoek, werp hierdie lens lig op hulle self. Dit is radikaal anders as 'n metodegebaseerde benadering, waar die interpreteerder 'n spesialis is in die gebruik van die gekose metode. Waar metodes eksterne instrumente is wat poog om betekenis van buite te ontsluit, nooi die matriks jou juis uit om deel te word van die verstaansproses; die objek-subjek-verhouding eie aan navorsingsmetodes word 'n subjek-subjek-verhouding wanneer die matriks toegepas word. In hierdie sin maak die matriks die speelveld gelyk: daar is geen objektiewe, absolute betekenis wat een rolspeler in die ander moet ontdek nie. Veel meer word hierdie proses gekenmerk deur 'n verhouding waar twee vennote in gesprek tree; waar die self in net so 'n mate verstaan moet word as wat die ander verstaan moet word. Duidelik verteenwoordig hierdie interaksie 'n voortdurende, dinamiese en by implikasie dialogiese proses.

Dat die toepassing van die matriks in wese 'n hermeneutiese proses verteenwoordig, kan nie ontken word nie. Die elemente wat deel uitmaak van die matriks resoneer goed met die aspekte van Von Rad en Gadamer se bydraes wat tot op hede aangeraak is, naamlik die kredo, herhaalde interpretasie van profesie; spel as die aard van hermeneutiek; en horisonversmelting. Hierdie elemente van die praktykmatriks word in die volgende onderafdelings saamgevat.

4.1. *Spiritualiteit*

Die sendingwetenskap poog om met behulp van die praktykmatriks die spiritualiteit van die sendingpraktyk wat ondersoek word, vas te stel. Dit is 'n doelbewuste voorveronderstelling van die praktykmatriks dat spiritualiteit sentraal staan in hierdie oefening (Kritzinger 2002:168–71) en uitgedruk kan word as toewyding, nadenke, of 'n soeke na verstaan, of selfs 'n heiligheidsoriëntasie kan hê (Cannon 1994; Foster 1998).

Hierdie gesprek word deur mense benader met hulle eie unieke spiritualiteit, wat in dialoog tree met die ander se spiritualiteit. Gadamer se konsep van horisonne en die spel wat in die wisselwerking tussen die horisonne lê, kom hier duidelik na vore. God is aan die werk in die midde van die een kant, maar werk ook in die midde van die ander kant.

Watter invloed het hierdie andersheid van hulle uitdrukking van God op die proses van verstaan? Eerstens moet 'n mens, soos Gadamer (2014:278–317) opmerk, jou eie vooroordele en voorkeure herken en erken. Jy moet introspeksie doen ten opsigte van jou spiritualiteit en toelaat dat die ander se spiritualiteit ook tot uitdrukking kom. Hoe beter jy jou eie spiritualiteit verstaan, en hoe meer jy aangaande die ander se spiritualiteit ontdek, hoe meer verstaan 'n mens (Vilhauer 2010:113).

Die sentrale plasing van spiritualiteit in die matriks gee die pas aan vir die hele proses wat volg: dit is die verhoog waarop die res afspeel. Deur van die begin af te besluit dat spiritualiteit die lens is waardeur na die ander gekyk word, word enige potensiele verwarring uit die weg geruim. Selfs al beskryf die ander hulself as aspiritueel, maak dit nie saak nie; die spirituele sentrum van die matriks gee vir jǒu 'n vastrapplek om vanaf te werk.

In die ontdekking van die andersheid (of eendersheid) van jou spiritualiteit, word 'n mens uitgedaag om te dink en wéér te dink oor jou eie vooropgestelde idees, in die lig van die ander. In sendingwetenskap het die matriks 'n wederkerige aard: eerstens wil jy jouself en die ander verstaan, maar verder wil jy hieruit 'n metode identifiseer waardeur die ander effektief bereik kan word met jou sendingboodskap. In hermeneutiek, waar die verstaan van 'n historiese teks ter sprake is, lyk dinge effens anders. Die interpreteerder het nie 'n invloed op die teks wat lei tot fisiese veranderings wat aangebring word aan die teks nie – die teks se finale gestalte moet immers gerespekteer word. Alles gebeur regtig binne die interpreteerder self, wat die teks benader met voorverstaan, voorkeure en vooroordele wat deel uitmaak van wie hy of sy is. Die interpreteerder lees die teks vanuit hierdie perspektief, maar word dan gekonfronteer met die andersheid van die teks en word dan genoodsaak om sy of haar eie oortuigings te bevraagteken en te evalueer.

Nadat die verlangde verstellings gemaak is, keer die interpreteerder terug na die teks, met 'n minder gekleurde bril as voorheen. Nou lyk die teks skielik anders en kom nuwe insigte na vore, wat weer eens dwing tot introspeksie. Die andersheid van die teks is nie gesetel daarin dat die teks verander het nie, maar dat die teks vir die interpreteerder verander het (Davey 2006:8). Dit is die spel van verstaan, soos wanneer twee teenstanders mekaar aanvat en in 'n stryd gewikkel raak. Die uitdaging is om 'n mens se eie benadering aan te pas en jou vooropgestelde idees te bedink vanuit die lig wat die spel daarop gewerp het. Die boodskap wat Jesus, Paulus en andere in die Nuwe Testamentiese tyd verkondig het, was grondliggend dieselfde. Tog het ook hulle die boodskap telkens anders verpak: een skryf vir 'n Joodse gehoor; een skryf vir nie-Jode; ander skryf vir die Hellenistiese wêreld of spreek kritiese behoeftes aan wat in 'n gegewe gemeenskap bestaan het. Hesselgrave (1991:118) het hierdie verskillende benaderings saamgevat in 'n tabel met kategorieë wat die volgende insluit: Christus téén kultuur; Christus en kultuur in paradoks; Christus: die transformator van kultuur; Christus bó kultuur; en die Christus ván kultuur.

Die bogenoemde verpakking is deel van 'n (soms onbewustelike) proses van verstaan en verstaanbaarmaking. Wat is daar in die ander horison wat resoneer met 'n mens se eie spiritualiteit? Wat gaan doeltreffend wees om deur te dring in die ander se leefwêreld (Hesselgrave 1991:39–53, 95–113, 131–44)? Die teendeel is natuurlik ook waar: Is 'n mens bereid dat die ander se horison jou tot dieselfde mate uitdaag? Is jy bereid om iets prys te gee sodat jy kan ontvang? Is jy bereid om verstellings te maak om te groei? Gadamer (2014:317) maak dit baie duidelik dat die horison van die hede besig is om gevorm te word deur die voortdurende noodsaak daarvan om jou eie vooroordele te toets. 'n Belangrike aspek van

hierdie toetsing lê in die ontmoeting met die verlede en in die verstaan van 'n mens se eie tradisie. Daar bestaan net so min 'n geïsoleerde horison van die hede as wat daar geïsoleerde horisonne van die verlede bestaan. Die teelgrond vir betekenisvolle verstaan is gesetel in die versmelting van hierdie horisonne (Gadamer 2014:317–8; Eberhard 2004:77–94).

4.2. Agentskap

In *agentskap* word belangrike rolspelers geïdentifiseer. Ons wil weet watter groepe en individue belangrike rolle speel; wat hulle status en posisie in die samelewing is; wat hulle verhouding met ander is; wie hulle beïnvloed het; hoe hulle hulleself sien en voorhou (Plaatjies-Van Huffel en Vosloo 2013:76–78, 93). Vrae aangaande hulle taal, kultuur, erfenis, beroepe en godsdienstige verbande moet beantwoord word. Vrae moet gestel word oor hulle morele waardes en oor wat bygedra het tot die groot skuiwe wat hulle in hulle lewens gemaak het (Kritzinger en Saayman 2011:5, 130–47).

Geen sending kan suksesvol afspeel in 'n lugleegte nie. Dit moet mensgesentreerd wees, binne 'n werklike konteks. Dieselfde geld vir hermeneutiek: verstaan in 'n lugleegte is net so onmoontlik soos die bestaan van 'n watermolekule sonder 'n suurstofatoom. Verstaan is 'n mensgesentreerde proses waaraan die mens aktief deelneem. Dit is 'n komplekse proses wat onverpoosd voortgaan in die mens se daaglikse bestaan.

In die spel waar die ontmoeting tussen twee partye afspeel, kom die wedersydse kompleksiteit en andersheid na vore. Verstaan vereis altyd 'n proses van nóg verstaan en wéér verstaan. Vandag kan dit klokhelder lyk; môre lê daar weer twyfel in die hart. 'n Nuwe konteks, 'n krisis, 'n persoonlike ervaring kan lei tot die bevraagtekening van jou eie verstaan. Dit is die aard van die spel: 'n voortdurende proses van verstaan en interpretasie. Soos profesie vir Von Rad vervul kon word in 'n spesifieke konteks en weer opnuut vervul kon word in 'n ander (Von Rad 2001:66–8), so ook behels hermeneutiek 'n voortdurende proses van tot-verstaan-kom.

Hermeneutici sou daarby baat om die waarhede wat hulle reeds ontdek het, weer en weer te bestudeer. Hulle het self verander en ervarings meegemaak wat 'n ander ingesteldheid geskep het teenoor dit wat hulle probeer verstaan. Hermeneutici moet nie net vra hoe hulle self verander het nie, maar ook hoe die ander verander het. Is die rolspelers nog wie hulle was? Is hulle nog soos wat 'n mens *gedink* het hulle was?

4.3. Kontekstuele verstaan

In die proses van kontekstuele verstaan help hierdie aspek van die matriks om vas te stel hoe die agente na wie hier bo verwys word, hulle eie sosiale, politiese, ekonomiese en kulturele kontekste interpreteer en hoe dit hulle lewens beïnvloed. So dikwels maak 'n mens die fout om van buite af na sogenaamde feite in 'n gegewe konteks te kyk en gevolgtrekkings te maak. Die afleidings mag dalk logies klop en sin maak, maar vreemd wees aan die erwaarde werklikheid. Daar moet eerder gevra word hoe die mense binne daardie konteks dit self interpreteer. Hoe reageer hulle op positiewe en negatiewe invloede in hulle samelewing? Is hulle bewus van hulle eie voorverstaan, vooroordele en voorkeure? Verstaan hulle hulle eie lens en gaan hulle verantwoordelik daarmee om? (Kritzinger en Saayman 2011:5, 167–73).

Hierdie sendingwetenskaplike vrae uit die praktykmatriks is net so ter sake vir hermeneutiek. Om die ander te ken, moet 'n mens jousef ken. Die ontugtering wat deur die ander horison veroorsaak word is dikwels wat nodig is om jou te help om jou eie horison te verstaan. Die proses is een van wedersydse stimulus en respons: hoe meer 'n mens bewus word van jou eie interpretasie van verskillende kontekste, vergeleke met die manier waarop ander mense dit interpreteer, hoe beter kom jy tot verstaan.

Ontkenning van die feit dat ons self vooroordele het, lei daartoe dat ons die effek daarvan op ons ontmoetings met ander onderskat. Erkenning van vooroordele lei tot verantwoording daarvan in die lig van die uitdagings wat die ander aan ons stel. Om die bestaan van ons persoonlike vooroordele te erken, dit eerlik tot uitdrukking te laat kom, en dit tot rekenskap uit te daag, lei tot groei in verstaan van die self en die ander.

4.4. Kerklike ondersoek

Die matriks ondersoek ook hoe individue of groepe hulle eie kerk se historiese betrokkenheid en interpretasie van die konteks sien. Sien hierdie persone hoe kerke en ander organisasies die konteks histories by hulle aktiwiteite betrek het. Kan verbande getrek word tussen hierdie historiese betrokkenheid en interpretasie en die invloed wat dit op die huidige stand van sake gehad het? Het die kerk 'n verskil gemaak in die gemeenskap, en gaan hulle voort daarmee? Hoe gesond is die kerk (Kritzinger en Saayman 2011:5, 173–4)?

Hierdie vrae is van onskatbare waarde vir die sendingwetenskap, maar ook vir hermeneutiek. Die verstaan van verskillende horisone is grondliggend hieraan. Dit dwing die mens om nie die breë kloof (Gadamer 2014:308–9; Schmidt 2000:5, 63, 74, 89) tussen verlede en hede te vermy nie, maar om dit te verwelkom. Om te verken wat horisone gevorm het tot wat hulle vandag is, en hoe horisonversmelting werk, bring mense bymekaar. Dit oorbrug die kloof wat tussen hulle bestaan en gee hulle gemeenskaplike grond om op te staan. Ten spyte van horisonverskille is daar baie dinge wat hulle saambind: hulle geworpenheid in hierdie wêreld, hulle daarwees, hulle gedeelde menswees. Die ontdekking van dit wat beide horisone gevorm het, is die gemeenskaplike grond van verstaan tussen die twee partye (Vilhauer 2010:86).

4.5. Interpretasie van die tradisie

Die interpretasie van die Skrif en Christelike tradisie is die fokus in die gedeelte van die matriks oor interpretasie van die tradisie. Die klem word geplaas op hoe dit gekontekstualiseer word en hoe toepaslik dit uitgeleef word. Hoe affekteer die voorgaande aspekte, soos identiteit, agentskap en kerklike ondersoek, die aard van kontekstuele teologie? Die matriks word gebruik om te bepaal wat die aard van die individu of groep se kontekstuele teologie van sending is (Kritzinger en Saayman 2011:5, 147–67).

Die verstaan van die Skrif en Christelike tradisie is weliswaar nie 'n eenvoudige proses nie. Feitlik elke kerklike tradisie het sy eie spesifieke invalshoek op die interpretasie van Skrif en dogma. Binne hermeneutiek word hierdie verskille nie bekritiseer nie, maar word klem geplaas daarop om te ondersoek wat die historiese opbou hiervan was, watter invloede tot so 'n verstaan gelei het en wat dit steeds ondersteun. Hierdie aktiwiteit lê historiese gebeure, ervarings, oorwinnings, krisisse en konflikte bloot wat tot die vorming van die huidige horison bygedra het.

4.6. Onderskeiding van aktiwiteit

Hierdie element van die matriks ondersoek hoe individue en gemeenskappe bydra tot die vestiging van God se heerskappy in hulle konteks (Plaatjies-Van Huffel en Vosloo 2013:103–9). Die metodes en strategieë wat hulle aanwend, die aktiwiteite waaraan hulle deelneem en die projekte wat hulle loods dra alles by tot hierdie verstaan. Bereik hulle die doelwitte wat hulle gestel het, en hoe kan hulle dit beter doen? Is hulle spanspelers wat interaksie en verhoudings opbou met ander wat aktief in hulle konteks ywer? Hierdie verhoudings help om die rolspelers te verstaan, want hulle vennote weerspieël iets van hulleself, hetsy dit mense is van dieselfde geloof, ander gelowe, regeringsorganisasies of semikerklieke organisasies. Wat is hulle transformerende doelwitte: om kerke te plant, kerke op te bou, of om die gemeenskap te transformeer (Kritzinger en Saayman 2011:5, 174–9)?

4.7. Refleksiwiteit

Refleksiwiteit neem al die dimensies van die praktykmatriks in ag en wil vasstel hoe elkeen van hierdie aspekte geïntegreer is en tot die groter geheel bydra. Sodoende word aspekte van die sending belig wat nog aandag moet geniet. Eweneens is dit van groot belang vir hermeneutiek, en om presies dieselfde rede: dit is 'n geleentheid om te bepeins of vorige aannames reg was en om aanpassings te maak waar nodig (Kritzinger en Saayman 2011:5–6, 179–89). Dit sluit aan by Gadamer (2014:317) se stelling dat horisonversmelting 'n aanhoudende proses is van heen en weer tussen verskillende horisonne beweeg.

Refleksiwiteit bring die rol en interaksie van die ander dimensies van die praktyk met mekaar in verband en vra hoe hulle saam funksioneer as agente van transformasie. Refleksiwiteit het nie bloot 'n evaluerende rol aan die einde van die proses nie; daar moet deurentyd nagedink word oor die doeltreffendheid van die proses, hetsy dit sending of hermeneutiek is. Daar is deurentyd draaipunte in elke mens se lewe en in elke mens se verstaansproses. Hierdie draaipunte het 'n invloed op ander aspekte van die lewe en in refleksiwiteit kom dit na vore. Refleksiwiteit weerspieël 'n volwasse omgang met die lewe (Plaatjies-Van Huffel en Vosloo 2013:114–6).

Dit is weer eens nie moeilik om die raakpunte tussen die praktykmatriks en Von Rad se beskouings raak te sien nie. Sy uiteensetting van die herinterpretasie van die vervulling van profesie in verskillende kontekste is nie anders as die proses van refleksiwiteit van die praktykmatriks nie – dit is 'n proses van besinning en herbesin van interpreteer en herinterpreteer, van verstaan en méér verstaan. In besinning kyk een generasie terug na die geskiedenis en bring dit in verband met hulle eie konteks; ander uitdagings en rolspelers noodsaak hulle dan om te herbesin en te herinterpreteer.

Die rol van refleksiwiteit in die matriks is om doelbewuste selfevaluering te doen en dinge weer opnuut te deurdink. Refleksiwiteit hou die sirkelgang van verstaan aan die gang. Herhaaldelik moet daar gevra word of die mens reg verstaan. Refleksiwiteit vertoon twee eienskappe: dit is 'n vorm van gehaltebeheer, waardeur bevindings getoets en aangepas kan word, en ook die voortsetting van die aanhoudende proses van tot-verstaan-kom.

5. Gevolgtrekking

Verstaan is nie die ontbloting van iets wat verborge lê en wat vervolgens met behulp van eksterne metodes deur 'n interpreteerder ontsluit word nie. Verstaan is 'n voortdurende proses sonder 'n definitiewe eindpunt. Verstaan vereis interaksie tussen partye; dit is 'n spel waarin spelers hulleself oorgee aan die spel; dit is nie net 'n ontdekking van die ander nie, maar in gelyke mate ook 'n ontdekking van die self; dit is 'n verkenning van horisonne wat afhang van die effektiwiteit van die versmelting van horisonne; 'n proses van herinterpretasie en van hertoepassing; 'n sirkelgang waar beide partye tegelyk die rol van subjek en die rol van objek van verstaan deur eksterne metodes speel (Vilhauer 2010:93–4).

Die dimensies van die matriks is nie die enigste elemente wat die mens gebruik in die proses van verstaan nie. Ander elemente wat 'n rol speel, sluit onder andere sosio-ekonomiese, politiese, geografiese, en opvoedkundige aspekte in. Die resultate waartoe sulke elemente lei in die vorming van mense en gemeenskappe se horisonne, kan nie voorspel word nie. Sonder om deel te word van die proses van tot-verstaan-kom besef 'n mens nie wat aan die gang is in die ander se horison nie – dikwels is jy nie eers behoorlik bewus van wat in jou eie horison afspeel nie.

Die vergelyking tussen die uiteenlopende bydraes van Von Rad se herinterpretasie van die kredo en profesie, Gadamer se analogie van spel en horisonversmelting en Kritzinger se praktykmatriks dui daarop dat die mens 'n wese is wat soek na verstaan en wat nie in isolasie kan voortbestaan nie. Verstaan van die self in verhouding tot die ander is 'n wederkerige proses wat totale oorgawe vereis. Om terug te kyk na die verlede, die hede te evalueer en uit te reik na die toekoms, speel alles 'n rol in die voortdurende proses van tot-verstaan-kom.

Bibliografie

Boda, M.J. 2012. *Praying the tradition: The origin and the use of tradition in Nehemiah 9*. Berlyn: De Gruyter.

Boda, M.J. en C. Evans. 2017. *The heartbeat of Old Testament theology*. Ada, MI: Baker Academic.

Botha, N. 2009. Congratulations from the General Secretary: Special appreciation and acknowledgements. *Missionalia*, 33(3):8.

Brueggemann, W. 2011. Foreword. In Von Rad 2011.

Cannon, D.H. 1994. Different ways of Christian prayer, different ways of being Christian. *Mid-stream*, 33(3):309–34.

Caputo, J.D. en E. Janssen. 2007. *Radical hermeneutics: Repetition, deconstruction, and the hermeneutic project*. Bloomington: Indiana University Press.

Costache, A. 2017. *Gadamer and the question of understanding: between Heidegger and Derrida*. Lanham, MD: Lexington Books.

- Davey, N. 2006. *Unquiet understanding: Gadamer's philosophical hermeneutics*. Ithaca: State University of New York Press.
- Di Cesare, D. en N. Keane. 2013. *Gadamer: A philosophical portrait*. Bloomington: Indiana University Press.
- Foster, R.J. 1998. *Streams of living water. Celebrating the great traditions of Christian faith*. New York: HarperCollins.
- Gadamer, H.-G. 2014. *Truth and method*. Londen: Bloomsbury Academic.
- Gadamer, H.-G., J. Malpas, U. Arnsward en J. Kertscher. 2002. *Gadamer's century: Essays in honor of Hans-Georg Gadamer*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Gadamer, H.-G. en R.E. Palmer. 2007. *The Gadamer reader: A bouquet of the later writings*. Evanston, IL: Northwestern University Press.
- Grondin, J. 1995. *Sources of hermeneutics*. Albany, NY: State University of New York Press.
- Grondin, J. en K. Plant. 2014. *The philosophy of Gadamer*. Abingdon: Routledge.
- Heidegger, M. 1996. *Being and time*. Albany, NY: State University of New York Press.
- Hesselgrave, D.J. 1991. *Communicating Christ cross-culturally: An introduction to missionary communication*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Holland, J. en P. Henriot. 1982. *Social analysis: Linking faith and justice*. New York: Orbis.
- Horn, P. R. 2017. *Gadamer and Wittgenstein on the unity of language: Reality and discourse without metaphysics*. Abingdon: Routledge.
- Karecki, M. 2005. Teaching missiology in context. Adaptations of the pastoral circle. In Wijsen, Henriot en Mejía (reds.) 2005.
- . 2009. Contemplative encounter and mission praxis. *Missionalia*, 33(3):24–36.
- Kearney, R. 2011. *Anatheism: returning to God after God*. New York: Columbia University Press
- Koch, L. en S. Vallgård. 2008. *Research methods in public health*. Kopenhagen: Gyldendal Akademisk.
- Koopmans, W.T. 2009. *Joshua 24 as poetic narrative*. Londen: T & T Clark.
- Kritzinger, J.N.J. 1995. Studying ageing religious communities as agents of change: An agenda for missiology. *Missionalia*, 23(3):366–96.
- . 2002. A question of mission – A mission of questions. *Missionalia*, 30(1):144–73.

- . 2008. Faith to faith – missiology as encounterology. *Verbum et Ecclesia*, 29(3):764–90.
- . 2009. Reconciling encounters in Luke-Acts: a South African missional interpretation. *Communitas*. <https://communitas.co.za/reconciling-encounters-in-luke-acts-a-south-african-missional-interpretation> (14 Augustus 2018 geraadpleeg).
- . 2011. “Mission as ...” must we choose? A dialogue with Bosch, Bevans & Schroeder and Schreiter in the South African context. *Missionalia*, 39(1-2):32–59.
- Kritzinger, J.N.J. en W.A. Saayman. 2011. *David J. Bosch: Prophetic integrity, cruciform praxis*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Lawn, C. 2012. *Gadamer: A guide for the perplexed*. Londen: Continuum.
- Lind, M.C. 2015. *Monotheism, power, justice: Collected Old Testament essays*. Eugene, OR: Wipf & Stock.
- Malpas, J., U. Arnsward en J. Kertscher. 2002. *Gadamer’s century: Essays in honor of Hans-Georg Gadamer*. Cambridge, MA: MIT.
- Maluleke, T. 2009. Special appreciation and acknowledgements. *Missionalia*, 33(3):9.
- Nixon, J. 2017. *Hans-Georg Gadamer: The hermeneutical imagination*. New York: Springer.
- O’Brien, J.M. 2009. *Challenging prophetic metaphor: Theology and ideology in the prophets*. Enskede: TPB.
- Odenstedt, A. 2017. *Gadamer on tradition: Historical context and the limits of reflection*. Berlyn: Springer.
- Plaatjies-Van Huffel, M.-A. en R. Vosloo. 2013. *Reformed Churches in South Africa and the struggle for justice: Remembering 1960–1990*. Bloemfontein: African Sun Media.
- Protevi, J.L. 2005. *The Edinburgh dictionary of continental philosophy*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Ryall, E., W. Russell en M. Maclean. 2014. *The philosophy of play*. Londen: Routledge, Taylor & Francis.
- Saayman, W. 1992. If you were to die today, do you know for certain that you would go to heaven? Reflections as primary aim of mission. *Missionalia*, 20(3):159–73.
- . 2009. Personal reflections: Klippies Kritzinger as I know him. *Missionalia*, 33(3):12–23.
- Saayman, W., G. James en J. Botha. 2009. Editorial. *Missionalia*, 33(3):4.
- Schmidt, L.K. 2000. *Language and linguisticity in Gadamer's hermeneutics*. Lanham, MD, Lexington Books.

- Segundo, J.L. 1976. *The liberation of theology*. Mryknoll: Orbis.
- Seitz, C.R. 2007. *Prophecy and hermeneutics: Toward a new introduction to the prophets*. Grand Rapids, MI: Baker.
- Simms, K. 2015. *Hans-Georg Gadamer*. New York: Routledge.
- Steinbach, N-M. 2007. "...ein garstiger, breiter Graben..." Gotthold Ephraim Lessing in der Konfrontation "Vernunft versus Religion und Glaube". Munich, GRIN Verlag, <https://www.grin.com/document/32720> (12 Oktober 2018 geraadpleeg).
- Sweeney, M.A. en E. Ben Zvi. 2003. *The changing face of form criticism for the twenty-first century*. Grand Rapids, MI: W.B. Eerdmans.
- Vilhauer, M. 2010. *Gadamer's ethics of play: Hermeneutics and the other*. Lanham, MD: Lexington Books.
- Von Rad, G. 2001. *Old Testament theology, Volume 1: The theology of Israel's historical traditions*. Louisville, KY: Westminster/John Knox.
- . 2011. *Moses*. Tweede uitgawe (red. K.C. Hanson; vert. S. Neill). Cambridge, VK: James Clarke.
- Warnke, G. 2013. *Gadamer: Hermeneutics, tradition and reason*. Hoboken: Wiley.
- West, D. 1988. *An introduction to continental philosophy*. Cambridge: Polity Press.
- Wierciński, A. 2011. *Gadamer's hermeneutics and the art of conversation*. Münster: LIT-Verlag.
- Wijzen, F., P. Henriot en R. Mejía (reds.). 2005. *The pastoral circle revisited: A critical quest for truth and transformation*. New York: Orbis.
- Wright, D.F., S.B. Ferguson en J.I. Parker (reds.). 1988. *New dictionary of theology*. Downer's Grove, IL: IVP Academic.

Eindnotas

¹ Volgens die nuwe (2017-) uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* word "afleidings en samestellings met multiwoordeiename" voortaan los geskryf, en nie met koppeltekens nie; dus nie langer byvoorbeeld *Nuwe-Testamentiese* en *Nuwe-Testamentboek* nie, maar *Nuwe Testamentiese* en *Nuwe Testamentboek* (bl. vi).

² Vir Von Rad was die materiaal wat uiteindelik die Ou Testament geword het, niks anders as belyde kredo nie. Die kredo het die gebeure van die voorvaders tot by die inbesitname van die Beloofde Land ingesluit. Dit was 'n onbeskaamde geloofsbelydenis in dikwels vyandige kulturele kontekste waar die dade van Jahwe nuut en onbekend was en moontlik ook

onwelkom was. Die kredo het daarom 'n oneindige openheid gehad wat voortdurend herhaal is in altyd-veranderende vorme. Dit was 'n narratief wat vertel het van dit wat Israel onthou het van Jahwe se handeling in hulle verlede (Brueggemann 2011:xiv-xvi, 122).

³ Gadamer gebruik spel as metafoor vir die mens se verstaansproses. Hy het die konsep van spel oorgeneem van die estetika, maar dit bevry van die subjektiewe betekenis wat dit vir Kant en Schiller gehad het. Wanneer spel verwys na die ervaring van kuns, is dit nie beperk tot die oriëntasie of gemoedstoestand van die skepper van die kuns of van diegene wat die kuns waardeer nie, maar fokus dit op die bestaan of daarwees (“mode of being”) van die kunswerk self. As die estetiese bewussyn as slegs 'n eksterne invloed op 'n objek gesien word, laat dit nie reg geskied aan die ware konteks nie. Die subjek van die ervaring van kuns – wat voortduur – is nie die subjektiwiteit van die persoon wat die kuns ervaar nie, maar van die kuns self. Daarom is die konsep van spel so belangrik: spel het sy eie bestaan, ongeag die bewussyn van die spelers. Die spelers is nie die subjek van spel nie – spel kom slegs deur die spelers tot uitdrukking. Die spel geniet dus altyd voorrang bo die spelers (Gadamer 2014:106–10).